Geen hoeveelheid alkohol is veilig tydens swangerskap nie.

DE AAR — Daar is 'n toestand wat nie teen kultuur, geloof, politiek of status diskrimineer nie Daar is tans ook geen kuur beskikbaar of op die horison vir die toestand nie. Een ding staan egte soos 'n paal bo water: die toestand is 100% voorkombaar!

Fetale Alkohol Spektrum Afwyking (FASA) is 'n lewenslange, ongeneeslike toestand wa veroorsaak word deur voorgeboortelike blootstelling aan alkohol – nie noodwendig die misbruik daarvan nie. Gedurende 1999 is 9 September verklaar as Internasionale FASA dag om mense bewus te maak van FASA, waarvan Fetale Alkohol Sindroom (FAS) die ergste vorm is. Sedertdien word hierdie dag jaarliks wêreldwyd en in Suid-Afrika herdenk.

In Suid-Afrika is FARR (Foundation for Alcohol Related Research) op die voorgrond van navorsing, bewusmaking en voorkoming in die verband en het reeds wêreldwye erkenning vir hul werk ontvang. Nietemin is daar volgens Leana Olivier, hoof uitvoerende beampte van FARR, nog baie werk wat gedoen moet word. Sy sê: "Daar bestaan steeds mites oor FASA. Een so 'n mite is dat 'n vrou 'n alkoholis moet wees om geboorte te skenk aan 'n kind met FASA. Die waarheid is egter dat geen hoeveelheid alkohol veilig is tydens swangerskap nie."

Daar is geen veilige hoeveelheid alkohol bekend wat 'n swanger vrou kan drink sonder die risiko om haar ongebore kind skade te berokken nie, beklemtoon Olivier. Volgens haar kan 'n groot gedeelte van kinders met aandag gebrek sindroom – 'n algemene diagnose in alle gemeenskappe - se gedrag toegeskryf word aan alkohol blootstelling tydens swangerskap.

FASA is 'n wye spektrum abnormale tekens en simptome in kinders as gevolg van moeders se alkohol inname terwyl hulle swanger was met die kinders. FAS is 'n verstandelike gestremdheid en die ergste vorm van FASA. In beide gevalle is die skade aan die ongebore baba permanent en onomkeerbaar. Die leer- en gedragsprobleme wat deel is van die toestand kom lewenslank voor.

Internasionale FASA-dag is uiters belangrik om mense bewus te maak van hierdie toestand wat geen grense ken nie. FARR beplan verskeie geleenthede reg oor die Noord-Kaap vir 9 September. Lian-Marie Drotsky, projek bestuurder vir De Aar nooi belangstellendes om 08:30 by die FARR / Joan Wertheim Sentrum in Wentworthstraat, De Aar te ontmoet vir 'n kort boodskap. Om 09:08 sal 'n minuut stilte gehandhaaf word om te dink aan mense wat leef met FASA, hul versorgers en onderwysers waarna 'n seremoniële klok om 09:09 gelui sal word om almal op te roep tot aksie. Die lui van die klok sal ook die teken wees vir deelnemers om die jaarlikse 9km sirkel roete deur die dorp te stap as teken van hul ondersteuning aan swanger vroue om geen alkohol te drink nie. Elke deelnemer sal 'n FAS-knoop ontvang wat gebruik kan word om die FASA voorkomingsboodskap te deel. Kontak Lian-Marie Drotsky by 053 631 1922 / 082 716 1410 vir verdere inligting.

Volgens Yolandé Posthumus, projek koördineerder vir Renosterberg word 'n kort pretloop ook vir Petrusville, Philipstown, en Keurtjiekloof beplan. Deelnemers en belangstellendes kan in die onderskeie dorpe om 08:30 by onderskeidelik die NG Kerk Uitsig, die FARR sentrum in Hillstraat en die Keurtjieskloof kliniek bymekaar kom. Soos in De Aar sal daar na 'n kort program om 09:08 'n minuut stilte gehandhaaf word waarna die seremoniële klok om 09:09 gelui sal word om die "stilte te verbreek" en mense aan te moedig om die boodskap te deel (bewusmaking) en ook alle swanger vroue te ondersteun, ten einde FASA te voorkom. Daar sal dan ook 'n tekenkompetisie vir laerskoolleerders in Renosterberg van stapel gestuur word. Leerders gaan gevra word om 'n prent te teken waardeur hulle die boodskap van 9 September uitbeeld. Vir navrae wat Renosterberg se aktiwiteite betref, is enige iemand welkom om vir Yolandé by 060 365 8277 te kontak.

FARR se tema hierdie jaar is: "Geen hoeveelheid alkohol is veilig tydens swangerskap nie". Prof Viljoen, die stigter van FARR sê: "Hierdie epidemie is 100% voorkombaar en FARR doen 'n beroep op alle swanger vroue om geen alkohol te drink nie."

Vir meer inligting besoek www.farrsa.org.za of FARR se facebook blad.